
**NG Kerk Bergsig betrokkenheid by Evangelisasie in Noord-Oos Mosambiek**

Bergsig is sedert 1993 betrokke by Mosambiek Evangelisasie toe die Wes-Kaap Sinode se Sendingkantoor vra dat die gemeente ds Danie Murray beroep met standplaas Milange in Noord-Mosambiek. Ds Janlu Kuyler besoek Milange met positiewe terugvoer aan die kerkraad.


Danie word beroep as sendeling en 'n uitreikspan onder leiding van ds Teyo Smit besoek Milange in Junie 1994 om 'n pastorie vir Danie en sy vrou, Bonny, te bou. Sedertdien was daar al verskeie Bergsiglidmaat-uitreike met verskillende doelwitte.



Ds. Teyo Smit

## Noord-Mosambiek situasie in 1994

1 Gemeente, 2 Dominees, 30 Boskerkies,± 1000 lidmate



Ds. Philip Scholtz

Danie bly werksaam in verskillende hoedanighede binne die Sinode van Igreja Reformada em Mocambique tot 2006. Hierna is ds Kobus en Nana Eksteen die volgende sendelingpaar vanaf 2007 tot 2016. Sedert 2017 het die plaaslike sinode tot sodanige geestelike volwassenheid gegroei dat hulle nie meer 'n behoefte het aan buitelandse sendelinge nie. Hulle stuur hul eie twee sendelinge uit na onbereikte Moslem-areas in die verre noorde van Mosambiek.



Pastor Jose Ernesto Ganhali word gestuur na die Mavago-area in die Niassa provinsie. Met die genade van die Here doen hy uitstekende werk en die Bergsig/Helderberg vennootskap verleen o.a. hulp met voorbidding, besoeke en die oprigting van 'n doelmatige gebou vir gemeentelike samekomste en opleiding.



Pastor Josias Guambe bedien die Mute-area, Cabo Delgado. Ten spyte van talle uitdagings soos moordlustige rebellegroepe, bedien hy die gemeente in Mute en is betrokke by evangelisasiewerk in Palma, die nabygeleë hawestad.

## Huidige situasie

26 Gemeentes met 2 ringe en 'n volle sinode, 320 boskerkies, ± 8500 lidmate,
2 sendelinge uitgestuur na onbereikte areas, 96 Bergsig lidmaatbesoeke oor afgelope 26 jaar.

Bergsig beplan 'n volgende gemeente-uitreik na Mute gedurende Junie/Julie 2020.
Kontak Jaco van Vuuren by 073 017 6662 vir meer inligting.

Ons dank en prys die Heer vir Sy leiding en voorsiening oor die afgelope 26 jaar.
BERGSIG UITREIKESPAN 2020